PREPARED BY : DRS08084 - SOLANI HENRY

PROPERTY DETAILS PRINT FOR PORTION 1
FARM NO 780
REG DIV STELLENBOSCH RD

| | | | |
|---|---|---|---|
| PROVINCE | WESTERN CAPE | | |
| PREV DESCRIPTION | | FIRM NR | : 999 |
| DIAGRAM DEED NO | T7061/1943 | FIRM NAME | : AKTEKANTOOR KAAPSTAD |
| EXTENT | 12.7652 | FILE NR | : PREP |
| CLEARANCE | CITY OF CAPE TOWN | FEE AMOUNT | : R .00 |
| FARM NAME | VAALFONTEIN WES | | |

| INTERDICTS | CASE NUMBER | CASE DATE/TITLE NR | NOTED ON |
|---|---|---|---|
| EX330/1986-31/10/86- | | 31224/1973T | 0 |

| DOCUMENTS | HOLDER | AMOUNT | O/P/A | SCAN/MICRO REF | MMDD |
|---|---|---|---|---|---|
| FARM ST 780/1 | | | | 1985 0072 2166 | |

OWNER DETAILS

| FULL NAME & SHARE | PURCH DATE | AMOUNT/REASON | O/P/A | IDENTITY | DATE OF BIRTH | TITLE DEED | MMDD | SCAN/MICRO REF |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| SPADE REEN SENDING INTERNASIONAAL | | | | | | T31224/1973 | 1022 | 1993 0009 2735 |

* O/P/A - O - MULTIPLE OWNER P - MULTIPLE PROPERTY A - MULTIPLE OWNER AND PROPERTY

** PLEASE NOTE : THE INFORMATION APPEARING ON THIS PRINTOUT IS FURNISHED FOR PURPOSES OF INFORMATION ONLY.
FOR MORE DETAILED INFORMATION, PLEASE REFER TO THE REGISTERED SOURCE DOCUMENTS.

* * * END OF REPORT * * *

1 -3 -5- 1973

0 -9- 1973

FOR FURTHER ENDORSEMENTS SEE
VIR VERDERE ENDOSSEMENTE SIEN ........ 6

31224

31224

# Transportakte

/AMR

Kragtens 'n Prokurasie

**D. P. DE KLERK & VAN GEND**
*Prokureurs, Notarisse, Aktebesorgers*
Volkskas-gebou,
Adderleystraat,
KAAPSTAD.

Opgestel deur ________ Aktebesorger.

**Wees dit bekend aan wie dit mag aangaan** 1973

**Dat** WILLEM PETRUS MALHERBE voor my, Registrateur van Aktes, te Kaapstad, verskyn het, behoorlik daartoe gemagtig kragtens 'n Prokurasie onderteken te PRETORIA

op die 30ste dag van MAART 19 73
deur

MARTHINUS GERHARDUS SCHEEPERS, in sy hoedanigheid as Direkteur van LUTHER RATH MISSION PROPERTIES (PROPRIETARY) LIMITED, behoorlik daartoe gemagtig kragtens 'n besluit van Direkteure geneem te Jatniël op 21 Maart 1973;

(MAATSKAPPY Nr. 53/1947)

welke Prokurasie in die teenwoordigheid van getuie volgens wet onderteken, hede aan my getoon is: en die Komparant het verklaar dat voormelde Maatskappy

die / ......

die hiernavermelde eiendom waarlik en wettiglik geskenk het aan die hiernavermelde Transportnemer Kerkgenootskap op 21 Maart 1973;

SO IS DIT DAT hy, die Komparant in sy hoedanigheid voormeld, kragtens hierdie akte oordra en transporteer in volle en vrye eiendom aan en ten gunste van:-

**SPADE-REEN-SENDING VAN SUID-AFRIKA**
**- BLANKE GROEP -**

of hul Gemagtigdes;

> SEKERE GROND, geleë in die Afdeling van Stellenbosch, synde GEDEELTE 1 van die Plaas VAALFONTEIN WES No. 280, naby Firgrove;
>
> GROOT: 12,7652 (TWAALF komma SEWE SES VYF TWEE) Hektaar.

UITSTREKKENDE SOOS BLYK uit die Transportakte Nr. 7061 met 'n Kaart daaraan geheg, aangeteken ten gunste van ALBERTUS VAN BLERK op 16 Junie 1943, en gehou deur voormelde Latter Rain Mission Properties (Proprietary) Limited kragtens Transportakte Nr. 15744 gedateer 19 Junie 1969.

A. ONDERHEWIG aan die voorwaardes waarna verwys word in Transportakte Nr. 7061 gedateer 16 Junie 1943.

B. ONDERHEWIG / ...

B. ONDERHEWIG VERDER aan die voorwaardes waarna verwys word in die Grondbrief Nr. 227 gedateer 14 Augustus 1931 en geregistreer op 14 November 1931, welke voorwaardes soos volg lui:-

"(a) Die regte van die Staats-President soos in Artikels een-en-dertig en vier-en-dertig van die Kroongrond Nederzettingswet, 1912, bepaal, watter genoemde artikels in die Skedule tot gemelde Kroongrondbrief ten volle opgeneem is;

(b) Die betaling deur die eienaar van enige grondbelasting wat wettig betaalbaar mag wees;

(c) Die voorwaarde dat alle paaie, deurgange en uitspanningsregte wat alreeds op die hiermee toegekende grond bestaan vry en onbelemmer moet bly tensy hulle op bevoegde gesag opgehef, gesluit of verander word;

(d) Die bepaling dat die eienaar verplig sal wees om 'n pad of noodweg oor die hierby toegekende grond ten bate van die huurder of eienaar van enige aangrensende of naburige plaas toe te staan, en verplig sal wees om die breedte en die rigting van sodanige pad of weg aan te wys, met die verstande egter dat ingeval 'n dispuut of geskil aangaande sodanige weg, of die geskiktheid daarvan, mag ontstaan, oor die rigting en die breedte van sodanige weg deur die Staats-President beslis sal word; met die verstande verder dat die eienaar nie verplig sal wees nie om sodanige weg of deurgang toe te staan oor grond wat as 'n in 'n staat van bebouing of verbetering mag verkeer en dat vergoeding vir die oorgangsreg en alle aangerigte skade deur die persoon of persone ten bate van wie die genoemde weg gemaak is betaal moet word op die wyse soos deur die betrokke partye onderling ooreengekom mag word, of by gebreke van sodanige ooreenkoms, soos deur arbitrasie vasgestel mag word;

(e) Die bepalings dat die Staats-President te alle tye die reg sal hê om die hierby toegekende grond geheel of gedeeltelik weer in besit te neem as dit vir publieke doeleindes of vir uitspanning benodig mag wees, teen betaling aan die eienaar van sodanige geldsom as vergoeding soos deur die betrokke partye onderling ooreengekom mag word, of by gebreke van sodanige ooreenkoms, soos deur arbitrasie vasgestel mag word."

C. ONDERHEWIG / ....

C. ONDERHEWIG VERDER aan die volgende endossement gedateer 25 Julie 1968 op Transportakte Nr. 3408 gedateer 12 Maart 1946, welke endossement soos volg lui:-

"ENDORSEMENT IN TERMS OF SECTION 31(6) OF ACT 47 OF 1937 (AS AMENDED).

A portion of the herein mentioned property meas. + 0,0251 Hectares has been expropriated by The Divisional Council of Stellenbosch in terms of S. 130 of Ord. 15 of 1952. Vide Notice of expropriation No. H. 3/51 d.d. 16/7/68 filed as exprop. caveat 499/68 plans in duplicate filed herewith."

WESHALWE / .....

**Weshalwe** die Komparant afstand gedoen het van alle eiendoms- en ander regte wat die gesegde TRANSPORTGEWER MAATSKAPPY tot op hede op gemelde vaste eiendom gehad het en gevolglik ook erken het dat dit daarvan heeltemaal onteien is, en geen eiendoms- en ander regte daarop besit nie; en dat, kragtens hierdie Akte, die gesegde TRANSPORTNEMER GENOOTSKAP Erfgename, Eksekuteurs, Administrateurs of Gemagtigdes tans is en voortaan op die volle eiendomsregte daarop geregtig sal wees, ooreenkomstig plaaslike gebruik, onder voorbehoud nogtans van die Regte van die Staat en eindelik erken het dat die gesegde eiendom waarlik en wettiglik geskenk is aan die voormelde Kerkgenootskap as 'n vrye gif.

EN VERDER DAT WILLEM PETRUS MALHERBE voor my, Registrateur van Aktes, te Kaapstad, verskyn het, behoorlik daartoe gemagtig kragtens 'n Prokurasie onderteken te PRETORIA op 30 Maart 1973 deur GERHARDUS JOHANNES VAN DER MERW in sy hoedanigheid as Sekretaris van SPADE-SENDELINGS-SENDING VAN SUID-AFRIKA, watter Prokurasie in die teenwoordigheid van getuies volgens wet onderteken, hede aan my getoon is, en die Komparant het verklaar dat hy namens voormelde Kerkgenootskap transport van voormelde eiendom aanvaar het op 21 Maart 1973 ;

**Ten Getuie** waarvan ek, die gesegde Registrateur van Aktes, tesame met die Komparant, q.q. hierdie Akte onderteken en met die Ampseel laat bekragtig het.

**Aldus** verrig ten kantore van die Registrateur van Aktes, te Kaapstad, Kaap die Goeie Hoop, op die 22 dag van die Maand Oktober in die jaar Neëntienhonderd- Drie-en-Sewentig (1973).

q.q. sy Prinsipaal/ale

In my teenwoordigheid

Registrateur van Aktes

Geregistreer in die Plaas register van Stellenbosch

Boek Folio 780 17

Verantwoordelike Klerk.

DIE NAAM VAN DIE / THE NAME OF THE
~~Die Spade~~ T/Nemer
IS VERANDER NA / HAS BEEN CHANGED TO
Die Spade Reen Sending Internasionaal
BG 1229/92
14 12 92
REGISTRATEUR/REGISTRAR

ENDORSEMENT IN TERMS OF SECTION 31 (6) OF ACT No. 47 OF 1937 (AMENDED)
ENDOSSEMENT KRAGTENS ARTIKEL 31 (6) VAN WET Nr. 47 VAN 1937 (SIC)
'n Ged van.
groot ± 993m²
afdeling Stellenbosch
of art. 27 van die Ord of Paaie Ord 19/1976
9/1/2/2/30/1/7 ... 1-9-86
Filed as / Geliasseer as EX33c/86
... in duplicate filed / ... in tweevoud geliasseer EX330/86
DEEDS OFFICE,
AKTEKANTOOR,
CAPE TOWN,
KAAPSTAD.
1986-09-16
C.P.H. GELDENHUYS
REGISTRAR OF DEEDS.
REGISTRATEUR VAN AKTES.

The above Endorsement dated 1986-09-16 appears on the O/O Copy hereof

Certified a true copy of the original filed of record in this Registry in terms of

Reg 66

Deeds Registry
Cape Town

Registrar of Deeds